Tatoeëring en Liggaamsdeurprieming!!!

[Tatoo's and Bodypiercing]

Elaine Davidson - Most pierced woman.

Lev 19:28 Julle mag ook ter wille van 'n dooie geen snye in julle vlees maak nie en geen ingeprikte tekening **[tattoo's]** in julle vel maak nie. Ek is die HERE.

Wat sê die Bybel omtrent tatoeëermerke / liggaamsinsnydings [deurprieming]?

Die Ou Testamentiese wet het die Israeliete verbied om enige liggaamsinsnydings en tatoeëermerke op hul liggame aan te bring.

Lev 19:28 Julle mag ook ter wille van 'n dooie geen snye in julle vlees maak nie en geen ingeprikte tekening in julle vel maak nie. Ek is die HERE.

Hieruit is dit duidelik dat God dit verdoem. En as God dit verdoem betreffende sy volk, Israel, dan kan ons aanvaar dat God dit ook verdoem betreffende die bruid van Sy Seun. Dáárom ís hierdie spesifieke skrif in die Bybel.

2Tim 3:16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,

Hier behoort ons nou ons bespreking te kon afsluit, want God het gepraat, en klaar! Maar hierdie geslag van ongehoorsame, vleeslike, wêreldse, '**verdraagsame'**, nie-onderskeidende 'Christene' hardloop mos kilometers ver om hul openlike ongehoorsaamheid aan die Woord van God te regverdig.

Laat ons dus nou kyk wat is 'n tatoe, en hier haal ons aan uit die Wikipedia Encyclopedia.

"From Wikipedia, the free encyclopedia
A tattoo is a marking made by inserting dark, indelible ink into the dermis layer of the skin to change the pigment for decorative or other reasons. Tattoos on humans are a type of decorativebody modification."

Dit is dus 'n tipe van dekoratiewe/versierende liggaams modifikasie/verandering.

Nou vind ons in dieselfde Ensiklopedie die volgende:

"Islam
Tattoos are usually considered forbidden in Sunni Islam. Because it involves changing the creation of Allah, and because the Prophet cursed the one who does tattoos and the one for whom that is done. "

Afgodsaanbidders verbied die tatoeëring van die liggaam, want dit **'verander' die 'skepping' van hul god**, maar Christene kan maar die skepping van die God van die heelal verander, dis nie verkeerd nie. [Terwyl die Bybel dit verbied in Lev 19:28???]

Dit is in die Ou Testament—onder die wet!

"O, ja," sê die moderne Christen: "Ons leef nie meer onder die wet nie, ons leef nou onder die genade!"

Nou goed kom ons kyk na 'n paar ander skrifgedeeltes uit die Ou Testament. Vers 29 volg direk na die **"dit is nie vir vandag nie"** vers 28.

Lev 19:29 Ontheilig jou dogter nie deur haar vir hoerery aan te hou nie, sodat die land nie hoereer en die land vol skandelike dade word nie.

Dis vir die Ou Testament bedoel, onder die wet? Vandag kan ons dit maar doen?? Ons pragtige skoon dogters misbruik om geld te maak uit prostitusie???? Heg God nóú Sy goedkeuring daaraan????

Lev 18:23 En jy mag met géén dier vleeslike gemeenskap hê om jou daardeur te verontreinig nie. 'n Vrou mag ook nie voor **'n dier gaan staan om daarmee te doen te hê nie.** Dit is 'n gruwelike vermenging.

Dus, hierdie siek, perverse seks met diere was ook net in die Ou Testament verbied, onder die wet???? Beteken dit dat 'n Heilige God nou onder die Nuwe Testamentiese be-

deling Sy goedkeuring heg aan vuil bestialiteit????

Matthew Henry se Kommentaar aan die begin van Levitikus 19 is, dat die grootste gedeelte van Levitikus 19 , uit morele gebooie bestaan, wat geld vir die Israeliete, sowel as die Nuwe Testamentiese Christene.

Met Jesus aan die woord, is dit duidelik dat die Ou Testament nog steeds geldig is:

Mat 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete [OU TESTAMENT] te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

Mat 5:18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

Ter wille van 'n dooie!!

Dít is nou die Christen se geliefkoosde verskoning! Ons doen dit nie ter wille van die dooies nie!!!

Nou moet ons eers daardie skrifgedeelte mooi bestudeer en dissekteer. "Julle mag ook ter wille van 'n dooie geen snye in julle vlees maak nie— en geen ingeprikte tekening in julle vel maak nie. Ek is die HERE." [Lev 19:28]

"Ter wille van 'n dooie" verwys nét na die "snye in julle vlees" gedeelte. Is dit dan nou geoorloof om snye in jou vlees te maak???? Sataniese bloedlating??? Selfskending/selfverminking???? Solank **dit nie ter wille van 'n dooie is nie????**

Die KJV kan verdere lig daarop werp.

Lev 19:28 Ye shall not make any cuttings *[incision]* in your flesh *[body,person,self,skin]* for the dead, nor print any marks [*letter or mark branded on skin // incision, gash]* upon you: I *am* the LORD.

Hier volg ‘n verklaring uit Unger's Bible Dictionary:
“In Lev. 19:28 we find two prohibitions of an unnatural disfigurement of the body: 'Ye shall not make any cutting in your flesh for the dead, nor any print any *marks* upon you.' The latter (Heb. *qa aqa*, *incision*) refers to *tattooing,* and has no reference to idolatrous usages, but was intended to inculcate upon the Israelietes a proper reverence for God's creation."
(Merrill F. Unger, *Unger's Bible Dictionary*, 1974 ed., p. 696)

Let daarop dat tatoeëring verbied was, sonder die verwysing na enige heidense– of afgodsgebruike.

Dan kry ons ook hierdie: **“dit is nie van toepassing op my** Nuwe Testament— Christelike—gemerk vir Jesus— **tatoeermerk nie”** Christene gaan mos na vuil sondige tatoeëerders en laat hulle “merk” vir Jesus met allerhande “oulike” prentjies of woordjies en teks versies. Ons is al so gewoond daaraan om die Woord van God te neem en dít waarvan ons nie hou nie uit te skeur [dis nie van toepassing op Nuwe Testament Christene nie]— of aan te wend soos dit ons pas [ons doen dit nie vir die dooies nie] dat ons nie eers agterkom dat dit dieselfde taktiek is wat gebruik word deur Sataniese kultusse.

Die verbode haarsny!

Een van die kinderagtigste argumente om die “Christelike” Tatoeëering te regverdig is seker die volgende: “Sny jy jou hare en trim jou baard? Die Here verbied dit in vers 27: Julle mag die rand van julle hoofhare nie rond wegskeer nie. Ook mag jy die rand van jou baard nie skend nie. “

Levitikus 19:26-28 is ‘n verdoeming van paganistiese towery en heidense gebruike. Vers 27 verwys na die heidense gebruik om hul hare op ‘n spesifieke manier te skeer vir die aanbidding van die hemel liggame. Dis nie ‘n verbod op haarsny en baardskeer nie, maar wel op die be-oefening van HEIDENSE GEBRUIKE!

Feit is..... Tot ‘n paar jaar gelede het almal, selfs die mees liberale

Christen, GEWEET dat tatoeëring geheel en al verbied was in die Woord van die Here.

Uittreksel uit The Body Art Book:
"Just as occurred in other cultures with tattoo traditions, when these pagan tribes were **'converted' to the Christian religion**, their spiritual and cultural rites (which included tattooing, piercing and scarification) were outlawed. . ."
(Jean-Chris Miller, *The Body Art Book : A Complete, Illustrated Guide to Tattoos, Piercings, and Other Body Modifications*, p.9)

Skend die tempel van God.

Meeste Christene, selfs die mees vleeslike en teruggevallene, sal nooit daaraan dink om die kerk gebou te skend nie. Selfs ongeredde mense het 'n 'heilige' respek vir 'n kerk gebou. Ons as kinders van die Here moet onthou dat ons liggame die tempel van die Here is.

1Kor 3:16 Weet julle nie dat **julle 'n tempel van God is** en die Gees van God in julle woon nie?
1Kor 3:17 As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle.

2Kor 6:16 Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Hoe kan ons die tempel van God "versier" en "verander" deur gebruik te maak van HEIDENSE/AFGODS gebruike en metodes? Ons mag nie die tempel van God besoedel met Heidense en Sataniese tatoeëermerke nie. Die wortel van tatoeëring vind ons in paganistiese godsdienste.

In die getuienis van 'n Hindu, wat tot bekering gekom het, meld hy uitdruklik dat tatoeëring en liggaamsdeurprieming afkomstig is van Hinduisme en ook towery.
Deut 18:10 Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun

of sy dogter deur die vuur laat deurgaan—wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery [heksery] omgaan nie,

Liggaamsdeurprieming.

1Kor 6:19 Of weet julle nie dat **julle liggaam 'n tempel is van** die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?
1Kor 6:20 Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

Tot watter verheerliking is 'n getatoeëerde en/of deurpriemde liggaam? Verheerlik dit ons Skepper en ons Verlosser, Jesus Christus?

Die wortels van tatoeëering, sowel as liggaamsdeurprieming is albei diep gewortel in heksery en afgodery.

Elia en die Baälpriesters:
1Kon 18:27 En toe dit middag was, het Elía met hulle gespot en gesê: Roep hard; **hy is mos 'n god!** Hy is seker in gepeins, of hy het hom seker afgesonder, of hy is seker op reis; miskien slaap hy en moet wakker word.
1Kon 18:28 En hulle het hard geroep en hulleself volgens hul gebruik met swaarde en spiese stukkend gekerwe tot die bloed op hulle uitgespuit het.
1Kon 18:29 En toe die middag verby was, het hulle begin raas tot op die tyd dat die spysoffer gebring word; maar daar was geen stem en niemand wat antwoord nie, en geen opmerksaamheid nie.

Dit was hulle gewoonte/gebruik om hulle liggame te skend en te vermink in hul godsdiens be-oefening.

Baie jongmense laat doen tatoeëring en liggaamsdeurprieming suiwer uit rebellie teen hul ouers en soms ook die kerk. Ons kry ook mans wat oorringe dra uit rebellie, om te bewys dat hulle

"macho" is of homoseksueel.

1Sam 15:23 Want wederstrewigheid [rebelsheid] is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

1Sa 15:23 For rebellion *is as* the sin of witchcraft, and stubbornness *is as* iniquity and idolatry. Because thou hast rejected the word of the LORD, he hath also rejected thee from *being* king.

GEEN snye en GEEN ingeprikte tekening.

Lev 19:28 Julle mag ook ter wille van 'n dooie geen snye in julle vlees maak nie en geen ingeprikte tekening in julle vel maak nie. Ek is die HERE.

Daardie GEEN ingeprikte tekening beteken OOK die sogenaamde Christelike Tatoeëring waar van 'n Bybel teks, ens gebruik gemaak word.

Lev 19:28 sê ook vir ons GEEN SNYE—dit sluit die snye in waarin juwele geplaas word. [Body Piercing.]

Die woorde in hierdie skrifgedeelte is so intens, dat dit duidelik is dat God nie wil hê dat sy uitverkore volk in sulke paganistiese praktyke betrokke moet raak vir welke rede ook al nie.

In die Ou Testament, toe God hierdie verbod geplaas het in Lev 19:28, het die Heilige Gees nog nie binne in die Joodse volk gewoon nie, want Jesus het nog nie vir ons sondes gesterf nie. As God so sterk gevoel het oor sy volk, wat nog nie soos ons Nuwe Testamentiese Christene, die tempel van die Heilige Gees is nie, hoeveel sterker voel Hy nie oor die tatoeëring en deurprieming van ons liggame, wat die tempel van die Heilige Gees behoort te wees.

Let wel die Heilige Gees is 'n HEILIGE GEES ! Hoe kan ons verwag dat HY in 'n paganisties versierde tempel woon????

Heidense oorsprong.

Die sketse wat vroeë ontdekkers van kannibale en inboorlinge gemaak het wys gate met "juwele" oral deur hulle liggame, en tattoeermerke oral oor. Ook ringe en bande is oral om die ledemate gespan. Let op hoeveel swartmense loop nog met dun riempies om hul enkels. Kyk ook in die "National Geographic" as daar van obskure ongekerstende stamme berig word hoeveel eienaardige ringe dra hulle. Die meeste van die dinge volg direk uit afgodsdiens en bygelowigheid.

Oorringe was weer deur die geskiedenis die teken van onderhorigheid. Dis hoekom slawe oorringe gekry het, en getroude vroue ook oorringe gedra het.

Toonringe en enkelkettings

Dit is paganisties (heidens) van oorsprong.! Daar is hoegenaamd niks wat dit kan weg redeneer nie, behalwe dat die persoon wat hom of haarself oopstel om die liggaam so te skend, hulleself oopstel vir die gees wat daardie "skending" verteenwoordig.

So dan die dra van n toonring, so baie gesien onder die dames. Dit is mos "mode". Die dra van daardie toonring word vereensel-wig met die opstandigheid wat in die christen vrou woed en haar weiering om onderdanig te wees aan enige man! Dit het dan ook verskeie huwelike keer op keer laat misluk.

Efes 5:22 Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here.

Die Hindus is bekend vir neusringe, toon ringe, tong ringe en die stamme in die Amazone het bekendheid verwerf vir liggaam-skending, tatoes ens. vanaf hulle heidense voorvaders en geestes

aanbidding!
Interessant dat heidene wat hulle bekeer, eerstens getuig van die bindinge wat hierdie tatoes en verskeie ringe op hulle lewens uitgeoefen het en nadat hulle bevry is van hierdie demoniese ritualistiese liggaamskendings praktyke, niks daarmee te doen wil he nie, maar Christene, doen dit vir die "mode" of omdat die wereld dit doen!

Dis dan geen wonder dat ons jeug vandag nie "anders" lyk as die wereld nie. Die breinverrotende, sielsverwoestende gemors [musiek] waarna hulle luister, maak hulle ore toe en hulle koppe vol en hulle bevind hulle in die bose kringloop van immorele wangedrag, verslawing en drank misbruik. Hulle lewens is verwoes en die selfmoord neem toe. Dit het tyd geword dat ouers weer die leiding neem, vaders weer die hoof van huis word en predikers **weer begin om die "ding" op sy naam te noem!**

Ons het te staan gekom voor die oplewing in die ou heidense stamgebruike van insnydings in die vel, liggaamsdeurprieming en tatoeëring. neusringe, wenkbrouringe, naeltjieringe, tongknopies, veelvoudige oorringe, tepelringe, ens is alles deel van 'n aanvallende modegier waarmee die Christen uitgedaag word.

"Die Kacipo-mense in die Soedan rek hulle onderlip sodat 'n pieringgrootte erdewerk daarin pas; en hulle rek hul oorlelle om 'n groot gat daarin te skep en lang oorlelle te vorm. Onder die Nuba-stamme in die Soedan is veelvoudige oorringe, neusringe, insnydings in die vel en liggaamsbeskildering baie algemeen. Die Dinka- en Nuer-stamme in die Soedan is maklik uit te ken aan die littekenpatrone op hulle voorkoppe. Onder die Hindoes is neusknopies, buikringe, toonringe, tongknopies en wenkbrouringe baie

algemeen. Tatoeëermerke aan die Amasone-stamme dien om die onderskeie lede van 'n bepaalde stam uit te ken. In Papoea Nieu -Guinee word die verskillende stamme uitgeken aan 'n verskeidenheid van insnydings in die vel, tatoeëermerke en liggaamskendings. Insgelyks onderskei wenkbrouringe, neusringe, veelvoudige oorringe, tepelringe, buikringe en tongknopies uitkenbare kultuurgroepe in New York, London, Parys en ander hoofstede van wat veronderstel is om die beskawing te wees."

Ons as Christene behoort heilig, afgesonder van die wêreld en anders as die wêreld te leef. Die feit dat "almal dit doen" regverdig geensins die Christen se betrokkenheid by hierdie heidense gebruike.

Exo 23:2 Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie. .....

"Dit is interessant dat, terwyl so baie Westerlinge na nuwe-tydperk ("new age") godsdienste, liggaamlike deursteking en okkultisme hardloop, etlike miljoene in die genoemde stamme in Afrika, Suid-Amerika, Asië en die Pasifiese eilande, na Christus bekeer word en die liggaamlike deursteking-gebruike van hulle heidense verlede laat vaar. In hierdie sendingvelde is dit baie duidelik wie Christene en wie heidene is. Die heidene dra min of geen klere nie en hulle **beoefen 'n verskeidenheid van insnydings in die vel,** liggaamlike deurstekings en/of tatoeëring. Hierteenoor is die Christene maklik uit te ken – hulle is gekleed en hulle beoefen nie veranderinge aan hulle liggame nie. "

"Sommige ouer mense sal natuurlik nog die littekens en gate behou – as 'n getuienis van hulle heidense verlede voor hul bekering – maar alle oorringe, wenkbrouringe, neusringe en sulke dinge sal hulle dan van ontslae geraak het. En hulle kinders sal van hierdie heidense mismaakthede vry wees. In hierdie gebiede is dit ongehoord dat Christene uit vrye wil hul liggame sal laat deurpriem of **tatoeëer. Trouens, hulle is geskok wanneer Westerse mans " met poniesterte of oorringe by hulle besoek aflê. "**

Toonringe, tongstuds en naeltjiering.
Betekenis: hulle voete loop agter die afgod aan en die naeltjie behoort aan die afgod met die naam van Ganeshum, die olifantsgod

“ ‘n Geval waar n jong meisie haar tongring laat insit het:
Sy was so vasgevang deur geestelike besetting dat sy nie meer behoorlik kon praat nie en een van die mees uitstaande dinge wat met haar gebeur het, was haar onvermoee om die waarheid te praat. Sy het besluit om dit te laat verwyder. Voor haar ouers het sy dit uitgehaal en toe die volgende oomblik begin sy bloei, nie van die gat in haar tong nie, maar oral in haar mond. Dit was geweldig om te aanskou en sy het amper verstik! Dit was onverklaarbaar aangesien daar geen stukkende plek in haar mond was nie. ’n Defnitiewe geestelike reaksie by die verwydering **van die “heidense”simbool** wat toegang tot haar spraak gehad het en ook haar denke besoedel het. Die impak was so groot op **haar dat sy vandag in ‘n inrigting is. “**

Oorringe !!!

‘n Deursteekte oorlel is volgens die Bybel ‘n openlike aanduiding van voortdurende slawerny.

Exo 21:5 Maar as die slaaf reguit sê: Ek het my heer, my vrou en my kinders lief; ek wil nie as vryman weggaan nie—

Exo 21:6 dan moet sy heer hom na die owerhede bring en hom by die deur of die deurpos bring; en **sy heer moet sy oor met ‘n** els deurboor; daarna moet hy hom vir altyd dien.

Deut 15:16 Maar as hy vir jou sê: Ek wil nie van jou weggaan nie— aangesien hy jou en jou huis liefhet, omdat dit vir hom goed was by jou—

Deut 15:17 **dan moet jy ‘n els neem en dit deur sy oor en in** die deur steek, sodat hy vir altyd jou slaaf word; en ook met jou slavin moet jy net so doen.

“Dit is heeltemal onvanpas vir ‘n Christen man om ‘n oorring – wat

die merkteken van slawerny is – te dra. “

“Nadat God met Jakob gepraat het, het hy sy huisgesin en almal wat by hom was aangesê om die vreemde gode wat in hulle besit was te verwyder en om hulleself te reinig. Saam met al die vreemde **gode het hulle die ringe aan hulle ore ook begrawe.”**

Gen 35:2 Toe sê Jakob aan sy huisgesin en aan almal wat by hom was: Verwyder die vreemde gode wat onder julle is, en reinig julle en trek ander klere aan;
Gen 35:3 en laat ons klaarmaak en optrek na Bet-el; en ek sal daar ‘n altaar bou vir die God wat my geantwoord het op die dag van my benoudheid en by my was op die weg wat ek gegaan het.
Gen 35:4 Toe gee hulle aan Jakob al die vreemde gode wat in hulle besit was, en die ringe aan hulle ore, en Jakob het dit begrawe onder die terpentynboom wat by Sigem is.

Katvrou

Indiese neusornament

Daar is wetenskaplik vasgestel dat daar 'n noue verbinding is tussen die neus en seksuele reflekse.
In antieke tye was die neus se grootte ook aan grootte van die seksorgane gekoppel. Indiërs beskou die neusornament of "nath" as die mees verleidelike juweel.

Die neusring word in die linker neusgat geplaas. Dit word in verband gebring met die vroulike voortplantingsorgane in Ayurvedra. [Indiese geneeskunde.]

Tong deurprieming:

Tong deurprieming was deur die Astec en Mayan priesters en sjamaans be-oefen. Hulle het geglo dit sal hulle help om beter met die gode te kommunikeer.

Lip-deurprieming en -verrekking.

Lip- deurprieming en -verrekking is gewild onder die Amerikaanse stam kulture, en ook verskeie Afrika stamme. Vir baie van hierdie stamme was liggaamsdeurprieming en tatoeëring 'n integrale deel van hul godsdiens be-oefening.

Gevare verbonde aan liggaamsdeurprieming

Migrasie:

Die migrasie/verskuiwing van juwele deur die vel kan baie pynlik en irriterend wees. So 'n migrasie kan etlike maande duur en lei tot die uiteindelike verwerping van die juwele. Migrasie geskied maklik in die wenkbrou, naeltjie en agter die nek.

Infeksie:
Tot die helfte van alle liggaamsdeurpriemings eindig met infeksie.

Allergiese reaksies:
Sommige mense is allergies vir die metale van die juwele wat in die liggaam ingepriem word.

Swelling:
Die tong kan so erg swel dat asemhaling bemoeilik word.

Ernstige siektes:
Die grootste gevaar by liggaamsdeurprieming is egter die moontlikheid om HIV, hepatitis B, hepatitis C, of sifilis op te doen wanneer higiëne nie op standaard is nie.

Tatoeëring

Regdeur die geskiedenis dra tatoeëring die merk van paganisme, die demoniese, shamanisme, mistisisme, kanibalisme, die heidendom en Baäl aanbidding. Dit was nog nooit in verband gebring met Christene wat in die Bybel glo nie. Waar Christenskap verskyn het, het die tatoeëermerke nog altyd verdwyn—behalwe in ons hedendaagse, louwarm, vleeslike, ongehoorsame Laodisiese Christene.

Hier volg ‘n paar aanhalings uit boeke van mense wat almal PRO-tatoeëring is:

"Tattooing is often a magical rite in the more traditional cultures, and the tattooist is respected as a priest or shaman." (Michelle Delio, Tattoo: *The Exotic Art of Skin Decoration*, p. 73)

"In Fiji, Fromosa, New Zealand and in certain of the North American Indian tribes, tattooing was regard as a religious ceremony, and performed by priests or priestesses."
(Ronald Scutt, *Art, Sex and Symbol*, 1974, p. 64)

"The actual tattooing process, which involved complex ritual and taboos, could only be done by priests and was associ-

ated with beliefs which were secrets known only to members of the priestly caste. . . Hambly concluded that historically tattooing had originated in connection with ancient rites of scarification and bloodletting which were associated with religious practices intended to put the human soul in harmony with supernatural forces and ensure continuity between this life and the next."
(Gilbert, Steve, *Tattoo History: A Source Book*, p. 158)

"Tattooing is about personalizing the body, making it a true home and fit temple for the spirit that dwells inside it. . Tattooing therefore, is a way of keeping the spiritual and material needs of my body in balance."
(Michelle Delio, *Tattoo: The Exotic Art of Skin Decoration*, p. 8)

"When the designs are chosen with care, tattoos have a power and magic all their own. They decorate the body but they also enhance the soul."
(Michelle Delio, Tattoo: *The Exotic Art of Skin Decoration*, p. 13)

"The reasons why puncturing the skin should be regarded with some degree of awe are not far to seek, for in the first place, there is the drawing of blood, which to the savage world over is full of significance as a rejuvenating and immortalizing factor. There is in addition to the opening of numerous inlets for evil to enter. . ."
(Hambly Wilfrid D. 1925. *The History of Tattooing and its Significance*, p. 233, cited in Gilbert, Steve, *Tattoo History: A Source Book*, p. 162)

Redes vir tatoeëring

Na aanleiding van navorsing en statistieke, het Scutt ‘n lys saamgestel van redes waarom mense hulle laat tatoeër. Die nommer 2 rede op die lys was: “Om ‘n plek in die Hemel te verseker.”

Die merk van die Dood!

Die gewildste tema vir tatoeëring, is die dood. Dood en donkerheid was nog altyd 'n klassieke tema—kopbene, slange, demone, spinnekoppe en spinnerakke, waarvan die kopbeen die gewildste is.

Open 6:8 En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg.....

Die merk van die Hel!

Dood alleen is nie die enigste hooftema vir tatoeëring nie, maar ook vlamme, vuur en die HEL.

Mat 25:41 Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur [hel] wat berei is vir die duiwel en sy engele.

Die merk van die Slang/Draak/Satan!

Die tweede gewildste tema van tatoeëring is die draak en die slang.

Open 20:1 En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.
Open 20:2 En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank,

Die merk van Rebellie

Die Bybel verdoem rebellie, en as daar nou een boodskap is wat tatoeëermerke hard en duidelik uit skreeu, is dit REBELLIE!!!!!

1Sam 15:23 Want wederstrewigheid [REBELLION—KJV] is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. .....

‘n Merk van Skande of Oneer!

Die Latynse woord vir “tattoo” is stigmata—en die oorspronklike betekenis is: “ ‘n prik met ‘n skerp instrument / ‘n onderskeidende snymerk in die vlees van ‘n slaaf of krimineel / ‘n merk van skande of oneer.

‘n Merk van Verdorwenheid !!

Die oorgrote meerderheid getatoeëerdes is kriminele, dwelm verslaafdes, seksperverte, ens. Statistieke bewys duidelik dat tatoeëermerke hoofsaaklik gedra word deur die rebelle van die samelewing.

Dr Roberts, wie self getatoeëer is, het ‘n studie gedoen onder die jeug, omdat hy gevoel het dat mense met tatoeëermerke onregverdig veroordeel word. Hy het gevind dat jongmense wat getatoeëer is:

1. Vier keer meer geneig is om in seksuele verhoudings betrokke te raak.
2. Meer as twee keer meer geneig is om alkohol probleme te ontwikkel.
3. Byna twee keer meer geneig is om onwettige dwelms te gebruik.
4. Meer as twee keer meer geneig is om geweldadige gedrag te openbaar.
5. Meer as twee keer meer geneig is op uit te sak op hoërskool.

Hy het tot die slotsom gekom dat permanente tatoeëermerke ‘n sterk assosiasie het met hoë-risiko gedrag in adolosente.

Die Merk van Berou

Volgens die Amerikaanse Vereniging van Dermatologiese snykunde, wil meer as 50% van alle ontvangers van tatoeëermerke dit weer laat verwyder.

Verwydering van tatoeëermerke deur middel van laser is onder die vinnigste groeiende areas in die dermatologie bedryf.

Afhangende van die grootte van die tatoeëermerk en die kleure wat gebruik is, kan die laser verwydering daarvan baie pynlik en duur wees. Tatoeëermerke wat deur kommersieële tatoeëerders gedoen is, is moeiliker om te verwyder, omdat dit dieper is en die ink meer kompleks en dikker is. Normaalweg word 10-15 laser sessies benodig om die gemiddelde tatoeëermerk te verwyder, maar 25-30 sessies is nie ongewoon nie, afhangende van die kompleksiteit van die merk. Die gemiddelde enkele sessie se koste beloop tussen R3,200 en R6,400 dus kan die verwydering van die tatoeëermerk tot soveel as R160,000 kos. Daardie R200 tatoeëermerk kan jou dus maklik R40,000 kos om te verwyder, EN ... Mediese Fondse betaal nie daarvoor nie.

En tog, tenspyte van die astronomiese onkoste daaraan verbonde, het sommige mense so 'n teësin daarin ontwikkel dat hulle bereid is om dit te betaal.

Tatoeëring se dodelike klein geheimpie!

Deur die 'skadelose' klein tatoeëermerkie loop jy die ernstige risiko om dodelike bloedoordraagbare siektes soos Vigs, Hepatitis B, Hepatitis C, Klem-in-die-kaak, Tuberkulose, ens op te doen.

In 'n navorsing-studie het Dr Bob Haley en Dr Paul Fisher van die "University of Texas South Western Medical School" in Dallas ontdek dat tatoeëering meer as twee keer soveel Hepatitis C infeksies veroorsaak, as [inspuiting] dwelm misbruik. Dit beteken dit is die grootste enkele bydraer tot die landwye Hepatitis C epidemie.

Hepatitis C veroorsaak meer as 10,000 sterftes per jaar. Op hierdie stadium was reeds 4,000 Amerikaners met Hepatitis C gediagnoseer en dit vermeerder daagliks.

Daaar is die gedokumenteerde geval van 'n winkelklerk wat, vier weke nadat hy sy $45 tatoeëermerk ontvang het, 'n leweroorplanting moes ondergaan.
(Mryna L. Armstrong and Lynne Kelly, *Tattooing, Body Piercing, and Branding Are on the Rise*, The Journal of School Nursing, Feb. 2001,

Vol 17 No. 1, p.15)

As ons in ag neem dat Hepatitis B oorgedra kan word met so min as 0.00004 ml bloed, en dat die virus kan oorleef op besmette oppervlakte, soos naalde, tatoeëer masjiene, tafels, ens vir meer as twee maande, dan is die risiko om Hepatitis op te doen, baie groot.

BAIE BELANGRIK: Mense wat alreeds tatoeëermerke het moet baie dringend gaan vir 'n Hepatitis ondersoek. Hepatitis kan vir baie jare ongemerk lê en baie ernstige skade veroorsaak. Hoe gouer dit opgespoor word, hoe beter is die kanse op oorlewing.

Hepatitis C word versprei deur besmette bloed en besmette naalde, wat die virus verbinding met tatoeëring veroorsaak. In tatoeëering word baie naalde gebruik wat baie gaatjies in die vel veroorsaak. Elke gaatjie het die potensiaal vir besmetting - - - en nie net vir Hepatitis nie, maar ook HIV.
(*Pamela Anderson Says She Has Hepatitis C*, WebMD Medical News, March 21, 2002, content.health.msn.com/content/article/1678.50634)

As gevolg hiervan, mag persone wat bloed skenk, vir 'n volle jaar nadat hulle 'n tatoeëermerk ontvang het, glad nie bloed skenk nie.

Die Geestelike Gevaar!!!

Die gevaar waarvan die meeste mense onbewus is, is die **oopstelling van onsself vir "geestelike" toegang tot ons** liggaam en denke! Opstand en rebellie is twee bekende "geestelike" aktiwiteite wat gevind word onder ons jeug vandag, wat grootendeels gemik is teen enige vorm van dissipline en regstreeks teen die ouer gevoer word.
Tatoes gee n direkte geestelike "toegang" tot die liggaam! 'n Heiden (tatoe Guru) in een van die stamme vroeër genoem het dit so gestel: **"A tattoo is a complex signifier, to indicate class, sexuality** to a person. The motifs are signifiers of power and masculinity, but what the tattoo signals, above all, is the power

one seizes over the body. It is idolartry"

Mense besef nie, dat wanneer jy 'n Sataniese merk of simbool op jou liggaam aanbring, jy 'n oop deur daar stel vir Sataniese aanvalle en toegang tot hul lewens. Dit is nie soseer die merk self nie, as die sonde om die merk te laat aanbring. Dis die demoniese gees wat agter die aanbring van tatoeëermerke sit, wat dit geestelik gevaarlik maak.

Ringe

'n Paar eienaardige punte in verband met ringe:

Reg oor die wêreld word die ring gewoonlik gebruik wanneer mense verloof raak en trou. Hierdie ringe word gewoonlik aan die ringvinger gedra.

In antieke Indië het hulle elke vinger van die hand aan die brein gekoppel en 'n spesifieke betekenis daaraan geheg.

Die duime van beide hande is gekoppel aan die brein senuwees wat weer gekoppel is aan die seks organe. Hierdie vinger word ook geïdentifiseer met die planeet Venus—die godin van die liefde. Enige metaal wrywing in die liggaam prikkel 'n spesifieke breinsenuwee. Om dus prikkeling van 'n sekere deel te vermy, was daar nie ringe in die duime gedra nie.

Volgens handpalmlesers, word die wysvinger geïdentifiseer met die planeet, Jupiter. Hierdie vinger se senuwees is gekoppel aan die brein se "leer" kapasiteit.

Hulle beweer die middelvinger se senuwee loop deur die membraan wat die brein in twee verdeel. Enige metaal wrywing daar veroorsaak glo verwarring. Wanneer besluite geneem moes word, het hulle dus nie ringe in die middelvinger gedra nie. Die middelvinger word gekoppel aan die planeet Saturnus.

Die ringvinger word geïdentifiseer met die "Star-Sun" . Daar word

geglo dat die senuwee wat deur hierdie vinger loop, eweredig versprei deur die hele brein en dat enige metaal wrywing, veroorsaak in die ringvinger, uitstekend is vir goeie gesondheid. Dit verbeter glo ook jou algemene bevoegdheid om jou lewe met gemak te hanteer.

Die Pinkie word geïdentifiseer met die planeet Mercurius, wat hulle glo die die senuwee stimuleer wat die denke en gedagtes beheer. Enige wrywing in die pinkie veroorsaak glo versteurings in jou gedagtes.

Mars en die Maan word ook geïdentifiseer met die middelvinger en die pinkie onderskeidelik.

God verwyder die juwele!

In Jesaja 3:16-24 lees ons van vroue wat as gevolg van hulle gedrag, die oordele van God op hulleself gebring het.

Jes 3:16 Verder het die HERE gesê: Omdat die dogters van Sion trots is en loop met uitgerekte nek en met die oë lok, wegstap met trippelgang en hulle voetringe laat rinkel,
Jes 3:17 daarom sal die HERE die skedel van die dogters van Sion skurf maak, en die HERE sal hulle skaamte ontbloot.
Jes 3:18 In dié dag sal die HERE wegneem die sieraad van die voetringe en die sonnetjies en die maantjies;
Jes 3:19 die oorversiersels en die armbande en die sluiers;
Jes 3:20 die hoofversiersels en die voetkettinkies en die pronkgordels en die reukflessies en die towermiddels;
Jes 3:21 die vingerringe en die neusringe;
Jes 3:22 die feesklere en die manteltjies en die tjalies en die handsakkies;
Jes 3:23 die handspieëltjies en die hemde en die tulbande en die wye mantels.
Jes 3:24 Dan sal daar in plaas van balsemgeur mufheid wees, en in plaas van 'n gordel 'n tou, en in plaas van gevlegte hare kaalheid, en in plaas van 'n pronkgewaad 'n roukleed, brandmerk in plaas

van skoonheid.

Die Here het geen behae in hul dwase flirteerdery, ydelheid en hooghartigheid nie.

Bogenoemde klink maar afvallig en troebel. Geliefde gelowiges , hoekom al die aanhangsels? Weens die afvalligheid van die Here sal die "skoonheid" al hoe meer aangeplak en aangehang word. Maar die Here wys ons tog duidelik dat hierdie goed gedurende afvalligheid voorkom. Wanneer jy versadig is met die Here kom daar n sieraad en heerlikheid wat vanuit jou binneste, na buite toe uitstraal. Hoe minder daarvan hoe meer moet jy kompenseer met uiterlike versierings om die buitekant meer aantreklik te probeer maak.

1Kor 10:31 Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.

———————————————-

Hoe kan dinge soos <u>HIERDIE</u> OOIT tot VERHEERLIKING van GOD WEES????

Kyk die oë!!!

Bronnelys:

groups.yahoo.com/group/calvyn/message/3903
/www.pietsmithseminare.com/fotos-hindoeiumlsme.html
/www.suiwerleer.co.za/liggaamsdeurprieming.htm
www.gotquestions.org/tattoos-sin.html
www.biblebelievers.com/watkins_tattoos/bible.html
bible.com/bibleanswers_result.php?id=254
www.bible-knowledge.com/tattoos-body-piercing/
www.biblestudy.org/question/tattoos-and-body-piercing.html
www.trsiyengar.com/id22.shtml

Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Tussen die hemel en die hel is daar 'n kloof—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die bloed van Jesus Christus. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek ge-spreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 .....—maak jou klaar om **jou God te ontmoet, ...**

Epos: konanja333@gmail.com

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.